

Musiek Vir Die Jeug

deur JOHANNES JOUBERT

MUSIEK is iets wat, net soos die meeste dinge, deur langsame groei en ontwikkeling geword het wat dit vandag is. Daar was in die mens altyd 'n behoefte daaraan om sy diepste gevoelens op die een of ander wyse deur middel van klanke uit te druk. En klanke wat van ware opregtheid getuig, het vir hom altyd 'n besondere bekoring gehad, of dit nou die uiting van vreugde, verdriet, verontwaardiging of 'n uitdaging was. Uit hierdie geluide, wat feitlik niks anders was nie as musiek in sy oer-vorm, het dan ook waarskynlik ons musiek van vandag ontstaan.

Geleidelik het die vermoë ontwikkel om tussen die verskillende toonhogtes van 'n reeks tone te onderskei, en so het die wysie of melodie ontstaan. Die musiek van barbare bewys duidelik dat hulle wel 'n vae begrip het van 'n wysie of melodie, maar sonder enige opsetlike patroon of tema. Hulle druk hulself gewoonlik net uit in skreeu- of huilgeluide wat meestal gepaard gaan met allerlei gebare en nooit uit meer as twee of drie note bestaan nie. Hierdie kort reeksie word dan tot in die oneindige herhaal. In die meeste gevalle is hulle hoogs tevrede met een so 'n

Onder die tweede groep val dié musiek wat hoofsaaklik handeling, beweging wil voorstel of vertolk — ritmiese beweging; dansbeweging. Tussen hierdie twee soorte is 'n duidelike verskil. By primitiewe volke bestaan ritmiese musiek net uit maatslae op dieselfde toon, sonder enige wisseling van toonhoogte, terwyl melodiese musiek wel van toon verander, en glad nie steeds dieselfde ritme behou nie.

Tog is dit bekend dat dansbeweging, vrywel in dieselfde omstandighede en uit dieselfde gevoelens voortspuit as sang. Ons kan dus sê dat ritmiese en melodiese musiek maar net twee verskillende vorms is waarin dieselfde emosies uitgedruk word.

Dis begryplik dat hierdie tweërlei karakter, of hierdie twee elemente van musiek, naderhand vanselfsprekend tegelykertyd uitgedruk is: Sang en dansbeweging is gekombineer. 'n Voorbeeld hiervan sien ons duidelik by ons eie naturellebevolking. Hulle loop, werk, saai of oes in ritmiese

ritme is die resultaat van die drang om homself in gebare en beweging uit te druk. In die geleidelike ontwikkeling van die kuns verskaf die melodiese element die fyngevoeligheid, terwyl die ritmiese kant die krag of energie bepaal.

Die „grondstof” of ongevormde materiaal van die musiek dus, lê opgesluit in die uitroep en geluide wat die mens in verskillende gemoedstoestande of stemmings uit. Sulke geluide val binne die gebied van „kuns” sodra daaraan opsetlik 'n bepaalde vorm gegee word, net soos onbepaalde klanke verander in spraak sodra hulle vervang word deur woorde. Die toonladders het ontstaan toe musikale „figure” 'n duidelike vorm aangeneem het wat onthou kon word.

Ons sien dus dat beide musiek en dansbeweging dieselfde oorsprong het, naamlik dat albei die uitdrukking is van dieselfde soort gevoelens of gewaarwordings.

Maar hul verskil lê hierin dat by die een die gevoel uitgedruk word deur middel van klanke, terwyl by die ander die uitdrukking geskied deur middel van ritmiese spierbewegings. Die musiek wat uit hierdie tweërlei oorsprong ontstaan, vertoon dan vanself 'n tweërlei karakter, wat as 't ware 'n kontras vorm. Hierdie kontras vind ons weer oral in die musiek terug. Dit vorm, naas die materiaal, die belangrikste eienskap.

Hoe lyk dit, kinders, kan julle dit alles mooi volg? Ek wil graag hê dat julle dit mooi moet verstaan en onthou. Dit veral, dat die wet van teenstellings of kontraste die grondslag is van al die vernaamste vorms van musiek. En dis juis hierdie eienaardige karakter wat dit so besonder interessant maak.

As julle hierdie wet van teenstellings verstaan, sal julle later ook beter kan verstaan wat ek aan julle wil verduidelik.

In breë trekke kan mens nou sê dat in die begin van die geskiedenis van die musiek die musiektema ontstaan het, onderwyl die hulpbronne ontwikkel is. Later het die kuns feitlik minder 'n regstreekse uitdrukking van die menslike gevoel geword.

Dis nogal merkwaardig om daarop te let dat drieslagsmaat in primitiewe musiek amper heeltemal onbekend is. Dis egter natuurlik, want gee mens aan 'n baba 'n trommel waarop hy moet slaan, dan is sy bewegings net in tweeslagsmaat, al weet hy self niks van maat af nie.

Ook kan mens met taamlike sekerheid sê dat die eerste liedere sonder begeleiding gesing is en as hulle begelei was, was dit net 'n soort maatslanery.

Ek kan in my verbeelding al 'n klomp primitiewe mense sien wat 'n paar uur lank kan aanhou met 'n

eentonige wysie van enkele note, net begelei deur die slaan van 'n trommel wat van 'n ou boomstam gemaak is. Kan julle dit ook sien?

Volgende week gesels ons oor die konstruksie of opbou van die toonladder.

Ek hoop dat dit vir julle mooi was om te sien hoe musiek eintlik ontstaan het. Daar is seker baie dinge by wat julle nooit geweet het nie, wat julle later goed te pas sal kom. Totsiens, tot volgende week!

Ou dame: Skaam jy jou nie om so vir geld te vra nie?

Rondloper: Wel, die vorige keer toe ek dit gevat het sonder om te vra, het ek vir ses maande in die tronk geland!



Die jong musikante? Na 'n ou skildery.

musiekpatroontjie. As hulle slim genoeg is om twee verskillende patrone te maak, wissel die twee figure mekaar gedurig af, maar sonder veel gevoel van orde. Tog was dit die beginstadium van musiek gewees.

Langsamerhand het daarná die toonladder ontstaan, maar dit het baie stadig gegaan, dit moet julle verstaan, want by nadere ondersoek blyk dat selfs taamlik ontwikkelde rasse maar 'n baie beperkte aantal tone geken het.

Nou het ons dus die musiek net beskou in die sin van 'n wysie of melodie, maar behalwe die op- en afgaande beweging van 'n melodie, is daar nog iets anders wat baie belangrik is, nl.: Ritme.

Alle musiek kan in twee hoofgroepe verdeel word. Onder die eerste groep val al die musiek wat hoofsaaklik 'n melodiese karakter het, of waarvan die grootste waarde bestaan in sy klankskoonheid, meestal in sang uitgedruk.

bewegings op die maat van hul eie sang. Tog wil daar 'n soort stryd tussen die twee wees, want by vinige musiek kry die ritmiese karakter maklik die oorhand, terwyl by stadige musiek die melodie somer gou die botoon voer. In gewone dansmusiek trek die twee taamlik gelyk, maar bogenoemde verskil tussen die ritmiese en melodiese aard daarvan, kry mens oral, dwarsdeur die hele terrein van die musiek.

Albei is tog ewe belangrik; uit die melodiese karakter het die toonladder ontwikkel en uit die ritmiese element spruit die verdeling in mate.

Die melodie is die resultaat van die menslike drang om homself in vokale klanke uit te druk en die

Oor Melodie en Ritme